**Sondag 19 Augustus**

| **Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-7** | **Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:3** |
|---|---|

# Geestelike gesin waarvoor ons dankbaar kan wees

Paulus skryf 2 Timoteus 1 in gesinstaal. Timoteus is nie Paulus se biologiese kind nie, maar sy kind in die geloof. Ons lees in die Bybel dat die gemeente God se huisgesin ge-noem word (o.a. 1 Tim. 3:15; Ef. 2:19). Beleef jy die gemeente waar jy lidmaat is as jou liefdevolle geestelike gesin?

Paulus sê nie net dat Timoteus sy kind in die geloof is nie, hy toon ook aan hoe hy sy verhouding met Timoteus ervaar: In ons fokusvers lees ons dat Paulus elke keer vir God dank wanneer hy aan Timoteus dink in sy gebede. Al het Paulus en Timoteus die voorreg gehad om verbondskinders van gelowige ouers te wees (:3, 5), is daar ’n gesinsband tus-sen hulle wat wyer strek as ’n bloedband: die geestelike gesinsband van medegelowiges.

Elke gemeente moet na hulleself kyk en biddend bepaal of hulle ’n gesonde, funksionerende geestelike gesin is. Is ons dankbaar teenoor God as ons aan ons gesin dink? Bid jy vir iemand in die gemeente wat jy as jou geestelike kind/ouer beskou? Deel jy in daardie persoon se vreugde tot so ’n mate dat jy God onophoudelik vir hom/haar dank (:3)?

Dalk het jy reeds die voorreg om in ’n geestelike gesinsverhouding met iemand te wees. Bewys jou liefde aan daardie persoon deur hom/haar in gebed op te dra. Bid vandag dat jou geestelike familielid die vrymoedigheid mag verkry (of behou) om sy/haar roeping in die wêreld, tot God se eer, uit te leef (:6).

*Sing: Psalm 68-1:3*

*Teologiese Student LD (Daniël) Myburgh*